SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2018

# GESKIEDENIS V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 21 bladsye.

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Kognitiewe vlakke en vermoëns gedek gedurende die assessering van brongebaseerde vrae:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1 (V1)** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisering van relevante inligting vanaf bronne<br>• Definieer historiese konsepte/terme | **30% (15 punte)** |
| **VLAK 2 (V2)** | • Eenvoudige interpretasie van die bronne<br>• Wat word deur die skrywer of skepper van die bron gesê? Wat is die menings of opinies oor 'n kwessie wat in die bron uitgedruk word?<br>• Vergelyk inligting in die bronne | **40% (20 punte)** |
| **VLAK 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit bronne<br>• Vra vrae oor vooroordeel, betroubaarheid, bruikbaarheid en beperkings van bronne<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasie en perspektiewe in die bronne aangebied en maak onafhanklike gevolgtrekkings | **30% (15 punte)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aandui.

### 1.3 Assesseringsprosedure vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓ ✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en √twee punte tooegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.
- Maak regmerkies (✓) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

__________ • ______________________ • ________________
________________ • ________________________ • __________
✓✓✓✓

Vlak 2
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

Kopiereg voorbehou

## 2.3 Globale assessering van ’n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ’n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ’n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ’n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs ‘feite’ neer te skryf om ’n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om ‘model-antwoorde’ voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:


- Die konstruksie/daarstelling van ’n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

## 2.4 Assesseringprosedures van ’n opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer jy die opstel assesseer.

2.4.2 Gedurende die eerste lees van die opstel moet punte gegee word vir ’n relevante inleiding, elk van die hoof punte/aspekte wat korrek gekontekstualiseer is en ’n relevante slot, bv. in ’n antwoord waar daar 5 hoofpunte is sal daar 7 punte wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slot nie korrek gekontekstualiseer 
- Verkeerde stelling ______
- Irrelevante stelling |
- Herhaling **H**
- Analise **A**√
- Interpretasie **I** √

Kopiereg voorbehou 

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik die analitiese matriks om die opstel na te sien.

Die gebruik die matriks vir die assessering van opstelle **(bladsy 6)** in die assessering van ŉ opstel, met verwysing na bladsy 6, moet die gegewe kriteria in die rubriek gebruik word. In die assessering van die opstel moet aandag gegee word aan beide die inhoud en die aanbieding. By die punt van kruising tussen die inhoud en die aanbieding moet ŉ punt gegee word.

(a) Die eerste lesing van die opstel sal wees om te bepaal tot watter mate die hoofaspekte gedek is en om die **inhoudsvlak** te bepaal (in die rubriek).

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede lesing van die opstel sal verband hou met die vlak van **aanbieding** (in die rubriek).

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Gee ŉ algehele punt deur die matriks te gebruik.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN OPSTEL: TOTALE PUNT: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7<br>Baie goed en gestruktureerd. Goeie sintese van inligting. 'n Goed gebalanseerde en onafhanklike argumentslyn is ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig.. | VLAK 6<br>Goed beplan en gestruktureerde opstel.<br>'n Relevante argumentslyn gevolg.<br>Bewyse gebruik om die argument te verdedig. | VLAK 5<br>Goed beplan en gestruktureerde opstel. 'n Duidelike argumentslyn ontwikkel. Gevolgtrekkings vanaf bewyse verkry. Onafhanklike gevolgtrekking. Bewyse gebruik om gevolgtrekking te ondersteun. | VLAK 4<br>Argument bepaal en gestruktureer. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom op grond van getuienis. | VLAK 3<br>Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argumentslyn vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | VLAK 2<br>Poging aangewend om 'n antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. | VLAK 1<br>Weinig of geen poging Om die opstel te struktureer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot die argument wat gevolg is. | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud genoegsaam en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud of irrelevante inhoudseleksie. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3**<br>Inhoudseleksie hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Ontoereikende of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

***Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie= 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

**SLEUTELVRAAG: HOE HET RUSLAND SE DEELNAME AAN DIE EERSTE WÊRELDOORLOG TOT DIE ABDIKASIE VAN DIE TSAAR GELEI?**

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Hulle het nie wapens gehad nie
- Tekort aan ammunisie
- Tekort aan stewels
- Tekort aan beddegoed (Enige 3 x 1) (3)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- '... die Russiese leër vir elke 10 000 mans sowat een chirurg gehad het, het baie gewonde soldate weens hulle wonde gesterf ...' (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Rusland het swaar nederlae gely
- Mense het die regering gekritiseer
- Oorlog het gelei tot ernstige voedseltekorte in Rusland
- Voedseltekorte het aanleiding gegee tot onluste in Rusland teen die Tsaar
- Tsaar was gedwing word om te abdikeer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Gelei tot lae moraal van soldate
- Soldate het begin dros
- Soldate het Rusland se deelname aan die oorlog begin bevraagteken
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Alexandra (1 x 1) (1)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Rasputin (1 x 1) (1)

1.2.3 *[Definisie van historiese konsepte uit Bron 1B – V1]*
- Russiese parlement
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Sy was deur Rasputin beïnvloed
- Goremykin wou hê dat Rusland die oorlog met Duitsland moes beëindig
- Tsarina wou hê dat Rusland die oorlog teen Duitsland moes voortsit
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Tsaar het bevel van die soldate op die oorlogsfront oorgeneem
- Tsarina het beheer oor die regering oorgeneem
- Tsarina was deur Rasputin beïnvloed
- Onder Rasputin se invloed het Alexandra die advies van die Doema geïgnoreer
- Hulle het mans aangestel wat glad nie geskik was vir topstaatsposte nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Voorlopige regering (1 x 1) (1)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Werkerskomitees sal voortaan eers na werksure ontmoet.
- Onder die troepe aan die voorkant is agitators van opposisie politieke partye gearresteer
- Radikale koerante is gesluit
- Doodstraf is toegepas – op revolusionêre propagandiste
- Pogings is aangewend om die Rooiwag te ontwapen
- Kosakke is gestuur om orde in die provinsies te handhaaf

(Enige 2 x 1) (2)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Week vna week het voedsel skaarser geword
- Die daaglikse toelae van brood het van ŉ pond en ŉ half tot ŉ pond geval, toe na drie-kwart-, half- en ŉ kwart-pond.
- Teen die einde was daar ŉ week sonder enige brood
- Elkeen was geregtig op twee pond suiker per maand – as mens dit kon kry, wat selde was.
- ŉ Blok sjokolade of ŉ pond smaaklose lekkergoed kos sowat sewe tot tien roebels – ten minste ŉ dollar.
- Vir melk en brood en suiker en tabak moes ŉ mens in ŉ ry staan

(Enige 2 x 1) (2)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Die Voorlopige regering het nie die voedseltekorte opgelos nie
- Hulle het geweier om grondhervormings in te stel
- Hulle het versuim om die oorlog te stop
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Rasputin het groot invloed op die Tsaristiese regime gehad
- Rasputin het besluite namens die Tsaristiese regime gemaak
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Rasputin was ŉ skakel tussen die Tsaar en sy mense – daarom het hy gehelp om besluite te neem
- Hy het die Tsarina gehelp om die land te regeer – goeie ministers is ontslaan en met korruptes vervang
- Russiese mense en die Douma het Rasputin gehaat – het gedink hy was ŉ Duitse spioen
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4.3 *[Vergelyking en analise van die inligting uit Bron 1B en Bron 1D – V3]*

- Albei bronne toon dat Rasputin invloed op die Tsaar en Tsarina gehad het
- Beide bronne stel voor dat Rasputin ook invloed op staatsbeleid gehad het
- Beide bronne wys dat hy as ŉ geestelike leier die regering gemanipuleer het
- Rasputin se invloed kan gesien word in die Tsarina se verandering van ministers – wat die Tsaar toegelaat het
- Beide bronne toon dat Rasputin ŉ vertroueling van die Tsaar en Tsarina geword het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Paragraaf – interpretasie, analise en sintese van inligting uit relevante bronne en gebruik van eie kennis – V3]*

- Russiese soldate was swak voorbereid vir oorlog (Bron 1A)
- Hulle het alles ontbreek: wapens, ammunisie, stewels en beddegoed (Bron 1A)
- Baie het gesterf omdat die Russiese leër een chirurg gehad het vir omtrent elke 10 000 mans (Bron 1A)
- Nederlae en die gebrek aan ammunisie het tot lae moraal gelei
- In die Tsaar se afwesigheid het die Tsarina beheer oor die regering oorgeneem (Bron 1B).
- Tsarina was deur Rasputin beïnvloed (Bron 1B)
- Tsarina het amptenare aangestel wat nie in belang van die land opgetree het nie (Bron 1B)
- Die nederlaag van die Russiese leër by Tannenburg het gelei tot die abdikasie van die Tsaar
- Voorlopige regering het oorgeneem – ondoeltreffende hervormings en streng onderdrukkende maatreëls is ingestel (Bron 1C)
- Voorlopige regering het ŉ koalisie-regering met die grondbesittende klasse gevorm (Bron 1C)
- Voorlopige regering kon nie die voedseltekorte in Rusland oplos nie (Bron 1C)
- Ondergang van die Tsaar kan aan die invloed van Rasputin (Bron 1D) toegeskryf word
- Rasputin het die tsaar laat glo dat hy sy seun kan genees
- Mense het vertroue in die Tsaar verloor
- Mislukking van Voorlopige Regering het die platform vir Lenin se Bolsjewistiese revolusie gelê
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou 

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse.<br>• Vraag nie beantwoord nie.<br>• Toon geen of min begrip **van hoe Rusland se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog tot die abdikasie van die Tsaar gelei het nie**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp.<br>• Toon ŉ mate van begrip **van hoe Rusland se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog tot die abdikasie van die Tsaar gelei het**.<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante en toepaslike bewyse.<br>• Toon ŉ deeglike begrip **van hoe Rusland se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog tot die abdikasie van die Tsaar gelei het**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **5–6** |

(6)

**[50]**

**VRAAG 2. KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940**

**SLEUTELVRAAG: WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE GROOT DEPRESSIE?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Om die na-oorlogse ekonomie te versterk
- Om nuwe oorlogsbedrywe te beskerm
- En plaasboere te help (3 x 1) (3)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2A – V1]*
- Breekgoed ('Chinaware')
- Yster
- Tekstiele
- Suiker
- Reling-kleurstowwe
- Chemikalieë
- Sy
- Rayon-tekstiele
- Hardeware (Enige 3 x 1) (3)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Hulle kon nie die oorlogskuld terugbetaal nie
- Hulle kon nie hul eie produkte in die VSA verkoop nie
- Europese magte gedwing om belasting op Amerikaanse invoere te verhoog
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Die VSA het die Europese magte van geld, masjinerie en landbouprodukte tydens die oorlog voorsien
- Die VSA nie betrokke by die oorlog nie, maar het die Geallieerde magte van voorrade voorsien
- Plaasboere en fabrieke het in massa geproduseer om plaaslike en internasionale markte te voorsien
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Europese lande het ná die oorlog vir hulself geproduseer – minder van die VSA gekoop
- Europese lande het hoë tariewe op Amerikaanse invoere opgelê en het dit vir die VSA moeilik gemaak om hul oorskot oorsee te verkoop
- Amerikaanse plaasboere en fabrieke het met surplusprodukte gesit wat hulle nie kon verkoop nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1)*

- In Amerika word die daaglikse lewe van die meerderheid op 'n skaal gestel wat vir die bevoorregte klasse op ander plekke gereserveer is (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Radio's
- Telefone (2 x 1) (2)

2.2.3 *[Onttrekking van eie kennis vanaf leidrade uit Bron 2B – V1]*

- Ford Model T (1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Dit het die groei van ander nywerhede gestimuleer
- Dit het 'n vraag na glas, staal en rubber geskep
- Dit het die petrol- en oliebedrywe versterk
- Dit het die vervoerbedrywe versterk
- Dit het meer werksgeleenthede geskep
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Amerikaanse plaasboere het nie in die voorspoed gedeel nie
- Ongeskoolde en werklose mense het nie in hierdie rykdom gedeel nie
- Daar was duidelike swakpunte in die ekonomie wat oor die hoof gesien is
- Swart werkers het nie in die welvaart gedeel nie aangesien hulle onderbetaal en laag besoldigde werk ontvang het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- Omdat die land se besigheid toegeneem het (1 x 1) (1)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- General Motors (1 x 1) (1)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Gewone mense het aandele op die mark gekoop
- Hulle het gewag vir die aandeelprys om te verhoog en het dan die aandele verkoop.
- Mense het aandele op krediet gekoop.
- Dit was genoem 'buying on the margin/koop op krediet' en het 'spekulante' toegelaat om aandele teen 'n wins te verkoop voordat hulle daarvoor betaal het.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- In September 1929 het die aandeelpryse stadig begin daal
- Aandeelhouers het paniekerig geraak – begin om aandele te verkoop
- Pryse het dramaties gedaal aangesien verkopers hul aandele probeer verkoop het.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Dit het groot werkloosheid veroorsaak
- Mense het alles verloor
- Dit het hongersnood veroorsaak
- Mense het in lyne gesit en wag vir brood of sop
- Baie mense het hul geld gelyktydig uit die bank onttrek – vandaar die verwysing na die bank toeloop
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Vergelyking van bronne om ooreenkomste te bepaal]*

- Bron 2B verklaar dat die meerderheid Amerikaners ʼn lewe geleef het op ʼn skaal wat vir die bevoorregte klasse nêrens anders aangebied word nie, terwyl Bron 2B toon dat mense arm was en niks gehad om te eet nie.
- Bron 2B verklaar dat die meeste Amerikaners toegang tot radio's, telefone en motors gehad het, terwyl Bron 2D mense sonder besittings uitbeeld – hulle was arm
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Interpretasie, analise en sintese van inligting uit al die bronne – V3]*

- Die Fordney-McCumber-Wet het die Amerikaanse ekonomie beskerm deur hoë invoertariewe op invoere te hef
- Europese lande het gereageer deur hoë tariewe op Amerikaanse invoere in te stel
- Amerikaanse maatskappye kon nie surplusprodukte verkoop nie
- Hulle het werkers begin aflê en dit het werkloosheid veroorsaak
- VSA het die hoogste lewenstandaard (Bron 2B)
- Hulle het mense aangemoedig om ryk te word
- Fabrieke het in massa geproduseer (oormatige produksie) – toe die vraag gedaal het, was hulle met surplusprodukte opgesaal wat hulle nie kon verkoop nie.
- Fabrieke het kleiner winste gemaak en werknemers begin aflê
- Gewone mense het aandele op die aandelemark gekoop
- Aandele is op skuld gekoop – geleende geld van banke
- Die koop en verkoop van aandele was ʼn manier om ryk te raak
- Dit het tot oorspekulasie gelei
- Paniekverkope het gevolg wat tot die Groot Depressie gelei het
- Baie mense het hul geld van die banke onttrek – dus die verwysing na bank toeloop
- Miljoene mense het werkloos geword en in broodlyne vir hulp gestaan
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om ʼn punt toe te ken.

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse.<br>• Toon **geen of min begrip van die oorsake van die Groot Depressie**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp.<br>• Toon **ŉ mate van begrip van die oorsake van die Groot Depressie**.<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf | **3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante en toepaslike bewyse.<br>• Toon **ŉ deeglike begrip van die oorsake van die Groot Depressie**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon | **5–6** |

(6)
**[50]**

## VRAAG 3: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19^DE EN 20^STE EEU

**SLEUTELVRAAG: WATTER MAATREËLS HET HITLER GEÏMPLIMENTEER OM DIE JODE TE VERVOLG?**

3.1 3.1.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Die suiwerheid van Duitse bloed (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Definisie van historiese konsepte uit Bron 3A – V1]*
- Haat teenoor Jode
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3A – V1]*
- Huwelike tussen Jode en onderdane van Duits of verwante bloed is verbode
- Buite-egtelike omgang tussen Jode en onderdane van Duits of verwante bloed is verbode (2 x 1) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3A – V2]*
- Baie winkels en restaurante het nie die Joodse bevolking bedien nie
- Jode is verban van openbare parke, swembaddens en openbare vervoer.
- Duitsers is ook aangemoedig om nie Joodse dokters en prokureurs te gebruik nie.
- Joodse staatsamptenare is ontslaan
- Jode is van universiteite verban
- Jode moes 'n ster van Dawid dra wat hulle as Jode geïdentifiseer het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Baie Jode kon nie 'n lewe in Duitsland verdien nie
- Baie Jode het geëmigreer
- Baie Jode het hul burgerskap verloor.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Gevolge van die lafhartige Joodse moord van Derde Sekretaris von Rath in die Duitse ambassade in Parys (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Joodse winkels
- Joodse winkels en wonings
- Sinagoges (3 x 1) (3)

3.2.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3B – V2]*
- Hy het die Jode vir die nederlaag van Duitsland in die Eerste Wêreldoorlog geblameer
- Hy het die Jode vir die ekonomiese krisis van Duitsland na die Eerste Wereldoorlog geblameer.
- Hy het die Jode as ŉ minderwaardige ras beskou
- Hy het geglo dat die Jode in sameswering was om die wêreld te beheer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3B – V2]*
- Dit verwys na die duisende stukkies gebreekte glas wat in die straat gelê het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Baie meer Jode het die land verlaat
- Duisende is in hegtenis geneem
- Baie Jode is na konsentrasiekampe gestuur
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Definisie van historiese konsepte uit Bron 3C – V1]*
- Massamoord van Jode
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.3.2 *Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1 ]*
- Vroue het hul babas weggesteek
- Hulle het haar oorreed om die kind saam met haar te neem
- Hoe kan jy jouself bring om sulke pragtige, liewe kinders te vermoor? (Enige 2 x 1) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3C – V2]*
- Daar was te veel Jode in die Duitse besette gebiede – onmoontlik om te emigreer
- Doodskampe is in Pole gebou
- Jode is deur giftige gasse doodgemaak
- Ses miljoen Jode het in hierdie doodskampe gesterf
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.4 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3C – V2]*
- Soldate het geen empatie gehad nie
- Soldate het nie berou gehad nie
- Soldate was onbedagsaam
- Soldate het nie omgegee vir ander se gevoelens nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.5 *[Evaluering van betroubaarheid van Bron 3C – V3]*

- Betroubaar omdat dit 'n eerstehandse weergawe van die gebeurtenis is
- Primêre bron Rudolf Höss, was die bevelvoerder van Auschwitz – welbekende doodskamp
- Die bewyse kan bevestig word deur ander historiese bronne
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.4 3.4.1 *[Vergelyking van bronne om ooreenkomste te bepaal – V3]*

- Bron 3C noem dat beide vroue en kinders in die gaskamers vermoor is, terwyl Bron 3D die Joodse vroue en kinders wat by die doodskamp aangekom het, uitwys.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.5 *[Interpretasie, analise en sintese van inligting uit relevante bronne en eie kennis – V3]*

- Hitler het geglo dat die Duitsers 'n meesterras was en dat die Jode minderwaardig was
- Hitler het die Jode vir al Duitsland se probleme geblameer
- Hy het die Nuremburgse wette deurgevoer – huwelike tussen Jode en nie-Jode is verban (Bron 3A)
- Hy het seksuele verhoudings tussen Jode en nie-Jode verbied (Bron 3 A)
- *Kristallnach*t – 'n Jood vermoor 'n Duitse diplomaat (Bron 3B)
- Duisende Joodse winkels en sinagoges is vernietig (Bron 3B)
- Duisende Jode was gearresteer en sommige is na konsentrasiekampe gestuur (Bron 3B)
- Vanaf 1940 is Jode na ghetto's verskuif
- Baie Jode het as gevolg van hongersnood en siektes in die ghetto's gesterf
- Finale Oplossing – doodskampe en gaskamers gebou om Jode te vernietig (Bron 3C)
- Joodse mans, vroue en kinders is met giftige gasse vermoor (Bron 3D)
- Doodskamp in Auschwitz waar Duitse soldate geen genade getoon het nie (Bron 3C)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse.<br>• Vraag nie beantwoord nie.<br>• **Toon geen of min begrip van die maatreëls wat Hitler geneem het om die Jode te vervolg**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp.<br>• **Toon 'n mate van begrip van die maatreëls wat Hitler geneem het om die Jode te vervolg**.<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf | **3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante en toepaslike bewyse.<br>• **Demonstreer 'n deeglike begrip van die maatreëls wat Hitler geneem het om die Jode te vervolg**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **5–6** |

(6)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

SINOPSIS

Hierdie vraag vereis dat die kandidaat moet saam of teen die stelling stem. Die fokus moet wees op ekonomiese ontwikkeling en beplanning onder Stalin. Die kandidaat moet dan toepaslike en geloofwaardige bewyse gebruik om ŉ behoorlike argument ter ondersteuning van die standpunt te ontwikkel.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- **Inleiding**: Die kandidaat moet in die inleiding saam of teen die stelling stem en verduidelik waarom. Die inleiding moet fokus op die impak van Stalin se Vyfjaarplanne.

UITBREIDING

- Ekonomie onder staatsbeheer geplaas
- Ongeletterdheid uitgewis
- Landbou was gemeganiseer en gekollektiviseer
- Die vinnige industrialisering van Rusland
- Staatsplase (arbeiders is ŉ staatsalaris betaal)
- Kollektiewe plase – Boere het staatswerkers geword
- Kulakke het hulle verset teen kollektivisering getoon deur hul vee dood te maak of te weier om te saai
- Stalin het hulle doodgemaak / gedeporteer na Siberië – ongeveer 4 miljoen
- Meganisasie en wetenskaplike boerderymetodes is op groot skaal bekendgestel
- Fabrieke vervaardig volgens staatskwotas
- Klem op die ontwikkeling van swaar nywerhede – yster en staal
- Propaganda is gebruik om werkers te inspireer en om die belangrikheid van samewerking vir ŉ beter toekoms te beklemtoon
- Steenkool is ontgin – om yster en staal te smelt
- 1 500 nuwe fabrieke gebou
- Werkers het lang ure gewerk
- Dnieper-dam hidro-elektriese kragstasie gebou
- Groot dorpe en nywerheidsentrums is gebou
- Verpligte onderwys het ŉ geskoolde werksmag geskep
- Alle kinders tussen 3 en 16 het verpligte onderwys ontvang
- Dit het die jeug met kommunistiese oortuigings geïndoktrineer
- Woonstelle is gebou om die behuisingstekort op te los
- Motors is in Moskou vervaardig
- Olie is by Baku ontdek
- Die bou van netwerke van teerpaaie en kanaalstelsels om riviere in te rig vir praktiese navigasie het noodsaaklik geword
- Stalin het aanmoediging, dissipline en terreur gebruik om sy doel te bereik
- Teen 1940 was Rusland die wêreld se tweede grootste industriële mag
- Die Derde Vyfjaarplan van 1939 tot 1942 is deur die Tweede Wêreldoorlog onderbreek

**Slot**: Kandidate moet die argument saamvat met ŉ relevante gevolgtrekking met inagneming van die standpunt wat in die inleiding geneem is. **[50]**

**VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940**

SINOPSIS

Die kandidaat moet die geldigheid van die stelling bespreek. Kandidate moet op die stelling fokus en die maatreëls asook die impak van Roosevelt se Nuwe Bedeling op die ekonomie

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- **Inleiding:** Die kandidaat kan saam of teen die stelling stem en hul redes kortliks verduidelik.

UITBREIDING

- Verligting – om die lewens van mense te verbeter
- Hervorming – om die omstandighede te verander om toekomstige vordering te verseker
- Herstel – herbou die Amerikaanse bedryf en handel
- Noodbankwet – herstel vertroue in banke
- FERA – geld opsygesit vir verligting vir armes
- CCC – verskaf werk vir duisende werkloses
- Wet op Openbare Werke – het werk geskep deur die bou van paaie, hospitale, skole en huise
- AAA – betaal boere om minder te produseer
- Nasionale Herstelwet – het kodes van billike mededinging, minimum lone opgestel
- TVA – het damme gebou om vloede te voorkom en bome geplant om gronderosie te voorkom
- Huiseienaars Leningskorporasie – help mense wat in gevaar was om hul huise te verloor
- Wet op Maatskaplike Sekuriteit - ouderdomspensioene, werkloosheidsvoordele
- Wagner Wet – het vakbonde toegelaat
- Werksvordering Administrasie – akteurs en musikante
- Kritiek van die Nuwe Bedeling

**Slot**: Kandidate moet die argument met ŉ gepaste gevolgtrekking saamvat met inagneming van die standpunt wat in die inleiding geneem was. **[50]**

## VRAAG 6: IDEES OOR RAS IN DIE LAAT 19^de EN 20^ste EEU

SINOPSIS

Die kandidaat moet fokus op die implementering van die eugenetiese beleid en sosiale Darwinisme in Australië. Die kandidaat moet die mate waarin hierdie beleide die Aboriginale mense van Australië beïnvloed het, evalueer.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- **Inleiding:** Die inleiding moet fokus op die stelling met verwysing na 'biologies minderwaardig en nie as mense behandel moes word nie'.

UITBREIDING

- Britse kolonisasie en besetting van Australië
- Beleid van 'n 'leë land' – *terra nullius*
- Vervolging van die Aboriginale (Inheemse) gemeenskappe
- Toepassing van eugenetiese beleid op die Inheemse bevolking (Aborigines)
- Die grondkwessie en die Nasionale Kombersdag
- Wit immigrasie vanuit Europa.
- Blanke moeders aangemoedig om meer kinders te hê – vyf pond vir elke blanke kind wat gebore is
- Rasse-agteruitgang en rasse-selfmoord – beïnvloed immigrasiebeleid
- Beleid van assimilasie
- Die Gesteelde Generasie – baster-kinders
- Verlore identiteit
- Volksmoord – 'n generasie van Inheemse bevolking (Aborigines) uitgewis
- Pogings tot versoening – Nasionale Jammerdag, verwerping van die terra nullius-beleid

- **Slot:** Kandidate moet die argument saamvat met 'n relevante gevolgtrekking met inagneming van die standpunt wat in die inleiding geneem is. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou